

Sondag, 2 Augustus 2020

Fokusteks: Genesis 32:22-31

Agtergrond

Jakob, die hakskeengryper: Van vroeg af in sy lewe was dit duidelik dat Jakob sy naam, “*bedrieër*” of “*hakskeengryper*” gestand sou doen. Hy was beslis nie ’n Israeliet sonder bedrog nie. Jakob was ’n man wat op ander se swakhede geteer het:

- Hy verkul sy *moeë broer*, Esau, van sy eersgeboortereg vir ’n pot lensiesop (Gen.25:29-34).
- Hy bedrieg sy *sterwende* Vader, sodat hy sy seën kan ontvang in plaas van sy broer (Gen.27).

Esau was so kwaad dat hy homself voorgeneem het om sy broer dood te maak sodra hul pa, Isak, sterf (Gen.27:41). Jakob moes vlug vir sy lewe.

Die styl van bedrog loop ook sterk in Jakob se familie. Só werk hy ’n ekstra 7 jaar vir sy geliefde Ragel nadat sy oom, Laban, hom een van die slegste strepe in die Bybel getrek het deur sy dogter, Lea, as eerste vrou vir hom te gee. Jakob se tweede vrou, Ragel, bedrieg ook weer later haar pa nadat sy die afgodsbeeldjies in die huis gesteel het. As ’n mens die spul gade slaan, kan jy nie anders as om te voel hulle verdien mekaar nie. Is dit nou hoe die volk van God optree?

In Gen.32 is Jakob op pad terug na sy land toe. ’n Terugkeer wat ’n herontmoeting met sy broer gaan behels. Hy is bang - en met rede. Hy hoor dan ook dat sy broer met 400 man na hom op pad is om hom dood te maak. Intussen beraam Jakob planne om sy broer se guns te wen deur allerhande geskenke vir hom te stuur. Maar sal dit genoeg wees om Esau van plan te laat verander?

Jakob en die vreemde geveg

Dit is in die nag, terwyl hy wag, dat een van die vreemdste episodes in die Ou Testament afspeel. Jakob stoei naamlik met ’n vreemdeling wat op ’n vreemde manier God self is. Die hele nag deur stoei en worstel hulle met mekaar. Teen dagbreek wil die vreemdeling gaan. Jakob hou hom egter terug. Wanneer hy vra dat hy geseën moet word, vra die vreemdeling eers dat hy sy naam bekend moet maak. Sy naam, wat sy hele wese saamvat: *Bedrieër*.

Name in daardie tyd sê iets van jou as persoon en van jou lewe. As jy jou naam sê, stel jy jouself bloot. Jou identiteit is in jou naam opgesluit. En wanneer iemand dus jou naam ken, ken hy jou verlede. Dis byna soos wat ’n bynaam vandag ’n opvallende kenmerk van iemand beskrywe. My naam is Jakob, bedrieër, oneerlike man. Hiermee kom sy hele lewensgeskiedenis van bedrog op die lappe. My naam is "aartskelm." Dis ’n slegte naam, met ’n oneerlike verlede... Dan kry hy ’n nuwe naam en daarmee saam ’n nuwe identiteit. Die naam, *Israel*, herinner aan die Hebreeuse woorde vir “stryd voer” en “God.” So, word die *aartsskelm*, die *aartsvader*.

Wat ’n kontras! God raak deel van Jakob se nuwe naam. Hy dra nou iets van die naam van God saam met hom! Dus, as Jakob hoor wat sy naam is, besef hy dat hy al die tyd met God geworstel het. Sy teenstander is nie regtig Esau nie, maar God. Dit is uiteindelik teenoor God dat hy verantwoording moet doen. Daarom die stryd en worsteling. Maar ’n naamsverandering vanaf *aartskelm* na *aartsvader* kom nie sonder stryd nie. God staan nie maar net en toekyk hoe Jakob een na die ander skelmstreek pleeg nie - Jakob moet verantwoording doen voor God. En tog is die Here hom genadig. Hy wis die *Jakob*-naam uit, en gee hom ’n ere-titel.

Die Tsjeggiese filosoof, Gardavsky, sien die verhaal van Jakob heel anders. Hy skryf hieroor in 'n tyd waarin die Marxisme sterk gepropageer is. Hyself is 'n voorstander daarvan. Hy meen dat Jakob die toonbeeld van menslike vryheid is. Hy kry dit reg om teen alle ordes in die samelewing in opstand te kom. Hy is selfs verwaand genoeg om teen God in opstand te kom! Maar aanhouer wen. Sy God laat hom los! Dit, sê hy, is hoe die mens moet strewe na sy eie vryheid, waar hy homself kan wees; sy eie bestemming kan bereik. Volgens hom leer Jakob ons hoe om werklik na vryheid te worstel.

Gardavsky het die punt mis. Dit gaan nie om Jakob se vryheid nie, maar die vryheid van God! 'n God wat vry is om teen die verwagting in te kan kies om genadig te wees. Ten spyte van die oneerlike verlede! Om dit te kan doen, moet jy werklik vry wees. En dit is hoe God is. Vry om genade te betoon, ten spyte van die skuld en bedrog van die mens

As God jou gryp

Jakob dog hy gaan sy broer tegemoet, toe ontmoet hy egter vir God by die Jabbokdrif. God laat ons nie maar net aan onself oor nie - Hy gryp en worstel met ons as dit nodig is. By die dieptepunt van ons onsekerheid, daar ontmoet Hy ons - maak nie saak wie ons is nie. Hy bekyk ons nie maar net vanaf 'n afstand nie. Jakob moes agterkom dat sy broer, Esau, nie sy eintlike vyand is nie. Die Here self het nou vir hom soos 'n vyand geword, met Wie hy eers moet regmaak voor hy met sy broer versoen kan raak.

Ons leer ook in hierdie gebeure wie God regtig vir ons is: Bobby Jones, een van die beste gholfspelers ooit, het op 'n keer gesê: "I never learned anything from the matches I won. All I know about golf, I learned from the matches I lost." Dis uit ons "verloor" stoeigevegte met die lewe en God wat ons die meeste leer.

Waar daar 'n ontmoeting met God is, word nuwe moontlikhede geskep. Let wel, dis nie die *situasie* van Jakob wat verander nie, maar *Jakob self*. Die bedreiging van sy broer wat sy lewe soek het nie eensklaps weggegaan nie. Dit was nog realiteit, maar sy worsteling met God het 'n wending in sy eie lewe tot gevolg gehad. Jakob het ook nie ongeskonde uit die nag se geveg gestap nie. Van nou af sou hy met 'n mank heupbeen deur die lewe moes gaan. Maar hierdie ontmoeting moet nie as 'n ramp beskou word nie. Jakob het 'n blywende seën van die Here ontvang. Die nag se geveg het in genade geëindig.

Al lyk 'n mens se lewe ook hoe deurmekaar en hoe benard, die groot geveg op Golgota maak dat die Here jou met sy genade en liefde sal omvou. Die Here het sy vrye keuse uitgeoefen om ook ons name te verander. God het besluit om by ons te wees. Om teenwoordig in ons doen en late te wees. God het na ons gekom toe ons name nog sondaars was. Dit is hoe ons name was - *sondaars*. En jy hoor sommer aan die woordjie, *sonde*, daarin dat dit glad nie 'n goeie naam is nie. 'n Sondaar is iemand wat sonde doen, want die sonde is teenwoordig in sy lewe. Sy naam sê dit. Maar God het iemand gestuur om ons naam te kom verander. Paulus skryf in Rom.5:8: *Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.* Jesus Christus, die Seun van God! Sy Naam? *Immanuel* - God by ons! God teenwoordig in ons lewe!

Hierdie keuse van God om ons name te kom verander het nie sonder stryd gekom nie. Daar moes vir die sonde verantwoording gedoen word. Soos Jakob, kan ons nie voor God met ons verlede wegkom nie. Dit sal 'n worsteling met God kos. En watter stryd was dit nie! Maar dit was toe nie óns stryd nie! Nee, die stryd was tussen Vader en Seun. Die Seun het namens ons met God gestry, sodat ons werklik vry kan wees. Jesus het ook veel meer verloor as 'n mank heupbeen; Hy het sy lewe verloor! En dít, sodat ons vandag genoem kan word - *Chris-ten*! Ons dra die naam van Christus. Teen alle verwagting in, word ons name van *sondaar* na *Christen* verander. Dis net 'n God wat vry is om te kies wat Hy wil, wat dit kan doen.

God het jou 'n nuwe identiteit gegee. Hy het Homself aan jou verbind.

Wat het toe verder gebeur met Jakob se ontmoeting met sy broer? Wel, wanneer God Homself in jou lewe teenwoordig maak, gebeur dinge soms ook heel teen die verwagting in - soos met Jakob en Esau. Onthou, Esau was van voorneme om sy broer dood te maak. Dis hoekom Jakob vroeër moes vlug. Maar die volgende gebeur toe hulle mekaar uiteindelik, na baie jare, weer van aangesig tot aangesig sien - Gen.33:4:

Esau het hom tegemoet gehardloop en hom omhels. Esau het sy arms om Jakob se nek gesit en hom gesoen, en hulle het gehuil.

Mag jou worsteling met die Here ook elke keer vir jou 'n verrassende en genadige uitkoms bring!

Gebed (Lied 264:1, 4)

Hoe heerlik is die Jesus-naam!
 'n Engel deel dit mee:
 Die Here kom sy volk verlos,
 hul lig en lewe gee.

Deur u verdienste het ek ook
 die Christen-naam verkry,
 gee dat ek U blymoedig eer;
 met woord en daad bely.

Amen.